



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

# **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

## **GRAAD 12**

### **SEPTEMBER 2012**

## **DRAMATIESE KUNSTE**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: 30 punte

AFDELING B: 60 punte

AFDELING C: 60 punte

2. Beantwoord SLEGS die vrae oor die dramatekste wat jy bestudeer het.

3. Daar word VYFTIEN minute leestyd toegestaan voor jy met die eksamen begin.

4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae.

**VRAAG 1:** *Kaukasiese Krytsirkel*  
Epiese Teater: *Moeder Moed*  
*Kanna Hy Kô Hystoe*

**OF**

**VRAAG 2:** *Wag vir Godot*  
Teater van die *Die Kaalkop Primadonna*  
Absurde: 'n Ander voorgeskrewe Teater van die Absurde-tekste

Beantwoord EEN VRAAG vanuit AFDELING A.

5. AFDELING B bestaan uit SES vrae.

**VRAAG 3:** *Boesman en Lena*  
**VRAAG 4:** *Woza Albert!*  
**VRAAG 5:** *Sophiatown*  
**VRAAG 6:** *Nothing but the Truth*  
**VRAAG 7:** *Siener in die Suburbs*  
**VRAAG 8:** *Mis*

Beantwoord slegs TWEE vrae vanuit AFDELING B.

6. AFDELING C bestaan uit SES vrae.

Beantwoord slegs DRIE vrae.

VRAAG 9 en VRAAG 10 is VERPLIGTEND.

Vanaf VRAAG 11, beantwoord enige EEN van die drie vrae, VRAAG 11 OF VRAAG 12 OF VRAAG 13

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Skenk aandag aan die hoeveelheid punte wat elke vraag tel ten einde die lengte van die antwoorde te bepaal.
9. Gebruik klaskamer kennis, sowel as eie en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A VERSTAAN EN ANALISEER**

BEANTWOORD OF

VRAAG 1: "EPIESE TEATER"

**OF**

VRAAG 2: "TEATER VAN DIE ABSURDE"

**VRAAG 1 EPIESE TEATER**

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiëse Krytsirkel* OF *Moeder Moed* OF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

Brecht envisioned a new theatre in which the spectator will become a vital part. To achieve this both drama and technical production must be altered.

*NB! REFER TO: OBE/FET DRAMATIC ARTS GRADE 12*

- 1.1 Beskryf met verwysings na die bostaande uittreksel na: VERVREEMDINGSTEGNIEK, HISTORIFIKASIE EN EPIESE STRUKTURE van die teks wat jy bestudeer het. Skryf 'n opstel van nie minder as 250 woorde nie. (20)
- 1.2 Verduidelik die volgende terme:
- 1.2.1 kontraspunt (3)
  - 1.2.2 paradoks (2)
  - 1.2.3 teenstrydig (2)
  - 1.2.4 satire (1)
  - 1.2.5 tableau (2)

**[30]****OF**

**VRAAG 2 TEATER VAN DIE ABSURDE**

Beantwoord die vraag as jy *Wag vir Godot* OF *Die Kaalkop Primadonna* OF 'n ander relevante voorgeskrewe Teater van die Absurde-teks bestudeer het.

In Theatre of the Absurd by definition, language cannot express the inexpressible and thus is reduced to making trivial statements or to masking the true experience beneath.

*NB! REFER TO: OBE/FET DRAMATIC ARTS GRADE 12*

- 2.1 Bespreek *Stilte*, *Ritme* en *Herhaling* in die struktuur van die Toneelstuk wat jy bestudeer het met verwysing na die bostaande uittreksel. Skryf 'n opstel met nie minder as 250 woorde nie. (20)
- 2.2 Verduidelik die terme hieronder:
- 2.2.1 Komiese-kruis-spraak (2)
  - 2.2.2 Nie-verhalend (2)
  - 2.2.3 Onlogies (2)
  - 2.2.4 Arbitrêr (2)
  - 2.2.5 Tragiese komedie (2)
- [30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B VERSTAAN EN ANALISEER**

Beantwoord enige TWEE vrae vanuit hierdie afdeling.

**VRAAG 3 BOESMAN EN LENA – ATHOL FUGARD**

Lees die uittreksel hieronder VAN *Boesman en Lena* en beantwoord die vrae wat volg:

LENA:	They made a big pile and burnt everything.	
Boesman:	Bonfire!	
Lena:	He helped drag what was left of the <i>pondoks</i> ...	
Boesman:	Of course. Full of disease. That one in uniform told me, " <i>Dankie, baas!</i> "	
Lena:	Just like that.	5
Boesman:	<i>[violently]</i> Yes! <i>Dankie baas.</i> You should have said it too, sitting there with your sad story. Whiteman was doing us a favour. You should have helped him. He wasn't just burning <i>pondoks</i> . They alone can't stink like that. Or burn like that.	10
	There was something else in that fire, something rotten. Us! Our sad stories, our smells, our world! And it burnt, <i>boeta!</i> It burnt. I watched that too.	
	The end was a pile of ashes. And quiet.	
	Then ... 'Here!' ... then I went back to the place where our <i>pondok</i> had been. It was gone! You understand that? Gone! I wanted to call you and show you. There where we crawled in and out like baboons, where we used to sit like them and eat, our heads between our knees, our fingers in the pot, hiding away so that the others won't see our food ...	15
	I could stand there! There was room for me to stand straight. You know what that is? Listen now. I'm going to use a word. Freedom! Ja, I've heard them talk it. Freedom! That's what the whiteman gave us. I've got my feelings too, sister. It was a big one I had when I stood there. That's why I laughed, why I was happy. When we picked up our things and started to walk I wanted to sing. It was Freedom!	20
		25
Lena:	You still got it, <i>ou ding?</i>	

- 3.1 Beskryf die sub-teks wat die *gevoel*, *toon* en Boesman se *gedagtes* in die monoloog insluit. (5)
- 3.2 Ontwerp 'n kostuum vir Boesman wat gepas is vir die uittreksel. Verskaf sketse met byskrifte en/of beskrywings. (4)
- 3.3 Wat is die gevolgtrekking wat Lena aan die einde van die toneel bereik? (4)
- 3.4 Skryf notas vir jou klasmaats om hom/haar met die uitvoering van die monoloog te help. (9)
- 3.5 Die regering spandeer elke jaar miljoene rande aan sport terwyl verarming die regering in die gesig staar. Tog het ons nog steeds miljoene rande spandeer op konstruksie van nuwe stadions en vier byvoorbeeld nog geleenthede soos die Wêreldbeker 2010 en ander sport soorte soos Krieket, Rugby, ens.
- Bespreek die geldigheid van die bostaande stellings gesien in perspektief met Boesman en Lena en gee spesifieke verwysings na die toneelstuk. (8)

**[30]**

**VRAAG 4                      WOZA ALBERT! – PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA  
AND BARNEY SIMON**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Woza Albert

*Scene Twenty-six*

*The graveyard. Mbongeni in a hat and dust-coat is weeding and singing Zuluboy's song from Scene eighteen. Percy is sleeping on the boxes. Mbongeni sees him, rouses him.*

*MBONGENI. Hey ! Hey! Hey! This is not a park bench. It's a tombstone. This is a cemetery not Joubert Park.*

*PERCY. (groggy) I'm sorry, I should know better.*

*MBONGENI. You want Joubert Park? You want Joubert Park? You catch the number fifty-four bus. Or you want Zola Park? You catch a Zola taxi. Or you want to have a look at the ducks? Go to the Zoo Lake. But don't sit on my tombstones. Please.*

*PERCY. Okay, I'm sorry about that. Can I have a look around?*

*MBONGENI. Oh, well if you want to have a look around, look around, but don't sit around! The dead are having a hard enough time. These tombstones are bladdy heavy!*

*PERCY. Aaaah, tell me, do you keep your tombstones in alphabetical order?*

*MBONGENI. Yeah. What do you want?*

*PERCY. Wheres 'L'?*

*MBONGENI. You want 'L'?*

*PERCY. Ja.*

*MBONGENI . Serious? Okay. Right there. That whole line is 'L'. By that big tombstone. See? Livingstone ... Lamele ... Lusiti ... Lizi ...*

*PERCY. Have you got Lazarus here?*

*MBONGENI. Lazarus? Lazarus? Oh, Israel Lazarus! That was a very good man! You mean that one? American Half-Price Dealers? That was a very good man, I used to work for him in 1962. But he's not dead yet! Why are you looking for his grave here?*



- 4.1 Skryf 'n kort resensie oor die uittreksel, analiseer dit en verwys na waar dit gebeur en die sosiale, politiese en ekonomiese omstandighede wat aangespreek word. (10)
- 4.2 Noem die teater genre (styl) wat in *Woza Albert* gebruik word en motiveer jou antwoord. (4)
- 4.3 Beskryf die DRIE elemente van 'n werkswinkeltoneel. (6)
- 4.4 As die regisseur van die toneel verwag jy sekere kwaliteite van die akteurs. Stel DRIE kwaliteite voor en motiveer elkeen. (6)
- 4.5 Is die opvoering van *Woza Albert* nog relevant vandag? Motiveer jou antwoord. (4)

**[30]****VRAAG 5 SOPHIATOWN – THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

- 5.1 *Sophiatown* kan geklassifiseer word as musiek-teater en of protes-teater. Dit is ook 'n dokumentêre drama.
- 5.1.1 Verduidelik waarom *Sophiatown* (die toneelstuk) beskryf kan word as 'n 'waardevolle deel van Suid-Afrikaanse geskiedenis.' (4)
- 5.1.2 Bespreek die teater tegnieke wat gebruik word in die proses en produk wat aanleiding gee dat *Sophiatown* (die toneel) beskryf kan word as 'n dokumentêr. (8)
- 5.2 Bestudeer die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Princess: And who's gonna protect her from the Americans at night?	1
Mingus: Me.	
Princess: But you are an American, wena	
Mingus: I'll protect her.	
Princess: And the Beliners, and the Gestapo Gang, and the Vultures? Where have you ever seen a white girl in this Sophiatown-where	5
Fahfee: There are always Europeans here – drinking at the Back of the Moon, drinking at the Thirty-Nine Steps. In the night clubs, at the House of the Truth, in the bioscope. What difference if one of them spends the night. Nobody's gonna know. And if they did, nobody'd give a damn.	10
Mingus: Except for the Boere.	
Lulu: And the Princess!	

- 5.2.1 Watter rol speel die karakters van Lulu en Princess in die ontwikkeling van temas (kwessies) in die toneelstuk? (4)
- 5.2.2 Lulu sê: "I'm going to be a film star – like Dolly Rathebe in 'African Jim' and 'The Magic Garden'."  
*(she gets up and sings an extract from one of Dolly Rathebe's films)*  
Beskryf hoe Jazz musiek en die Amerikaanse kultuur die lewe in Sophiatown beïnvloed het. (4)
- 5.3 Kies EEN van die genres wat in VRAAG 5.1 genoem word en motiveer waarom jy hierdie spesifieke genre kies as die mees kenmerkendste genre van "*Sophiatown*". Gee voorbeelde uit die teks. (10)

**[30]**

### VRAAG 6 “NOTHING BUT THE TRUTH” – JOHN KANI

Lees die uittreksel uit “*Nothing But The Truth*” hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

#### UITTREKSEL UIT: *NOTHING BUT THE TRUTH*

Mandisa: My father was cremated last week. I brought his ashes to be buried next to his parents. If Uncle Siphoh does not want to do that, I am not going to beg him. I will ask somebody to show me where his parents are buried and I will scatter the ashes between them and go home. My father was right. Uncle Siphoh was jealous because my father was a hero of the Struggle.	1 5
Siphoh: If your father was a hero of the struggle why did he not come back when the exiles came back? Why was he not part of the Kempton Park delegation that negotiated with the apartheid government? Did he ever tell why he could not come back?	10
Mandisa: He was not well. He wanted to be well first, then he would come back. He did not want to come back a sick man.	
Siphoh: He preferred to come back a dead man in that thing. How convenient.	
Thando: ( <i>coming back into the living room</i> ) Stop it! Both of you! I’ve made up my mind. I am going to Johannesburg with you Mandisa. With or without your permission, Daddy. About London, that is another matter. I’ll let you know later.	15
Siphoh: Even if he is dead he is still taking from me.	

- 6.1 Ontleed die sub-teks van die uittreksel hierbo. (4)
- 6.2 Verduidelik hoe verassing gesien word deur Suid-Afrika se inheemse kulture en wat Siphoh se reaksie op die verassing is. (6)
- 6.3 “*Nothing but the Truth*” is ’n realistiese toneelstuk wat die beginsels van Stanislavski gebruik. Verduidelik die tegniek wat jy sou gebruik om ’n karakter te skep uit die toneelstuk vir ’n opvoering. (10)
- 6.4 Die temas van waarheid, vergifnis en rekonsiliëring is duidelik gekenmerk in die toneelstuk.
- Bespreek die temas van “*Nothing but the Truth*” in ’n kort opstel. (10)
- [30]**

**VRAAG 7 SIENER IN DIE SURBURBS – PG DU PLESSIS**

7.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

FÉ:	Wanneer gaan jy sien?	1
TJOKKIE:	Sien? Hoekom moet ek sien? Jy besimpeld.	
FÉ:	Ek dag Tiemie het jou al gevra. Sy't gesê jy sal as sy jou vra.	
TJOKKIE:	Sy't nie gevra nie. Ek sal ook nie, al vra sy.	
FÉ:	Natuurlik sal jy, dis jou suster.	5
TJOKKIE:	Suster of te not, ek sal nie. Elke keer as hulle iets verbrou, moet ek dit regsien.	
FÉ:	Die onsekerheid maak haar siek, Tjokkie.	
TJOKKIE:	Ek dag sy wil juis siek word.	
FÉ:	Jy sal iets moet doen, Tjokkie. Sy's bang vir Jakes.	10
TJOKKIE:	Almal in hierdie straat is bang vir Jakes.	
FÉ:	Tjokkie, jy kan nie toelaat dat Jakes haar vat nie. Hy wou haar nog altyd hê. Nou met dié ding gaan hy haar kry. Tjokkie, jy sal moet sien.	
TJOKKIE:	Wat sal sien help? Sien sal nie die kleintjie uit haar uithaal nie.	15
FÉ:	Asseblief, Tjokkie. Laat sy net weet. Dis 'n vreeslike ding.	
TJOKKIE:	Julle druk mens altyd in 'n ding in. Ek kan nie help dat ek 'n verbrande talent het nie. ( <i>Opstandig, verander stemming.</i> ) En oor ek hom het, kan ander mense met my mors soos hulle wil, soos hulle lekkerkry! Oor ek 'n ding het wat mooi is, wat ek moet vashou, moet almal 'n gemors daarvan maak. Nou ryg almal altyd aan die ding en hulle torring my gal los. Jar, ek is al moeg rondgeloop soos 'n ding met 'n los draadjie. Dis mos seer as hulle torring.	20

7.1.1 Waarna verwys Fé in lyn 1 wanneer sy vra, 'Wanneer gaan jy sien?'? (2)

7.1.2 Beskryf hoekom die volgende karakters Tjokkie wil laat sien:  
(a) Giel (4)

(b) Jake (4)

7.1.3 Tjokkie se woorde, 'Elke keer as hulle iets verbrou, moet ek dit regsien', is ironies.  
Verduidelik die bostaande punt en verwys na die dramatiese spanning en handeling wat Tjokkie se visie beskryf en verwys spesifiek na Tiemie. (8)

7.2 Beskryf waarom Tjokkie as 'n onskuldige sondebok gesien kan word. (4)

7.3 Verduidelik hoe die volgende klankeffekte die atmosfeer en die betekenis van die toneelstuk versterk:

7.3.1 Jakes se motorfiets (4)

7.3.2 Die draadloos se uitsending van die perde-wedren (4)

**[30]**

**VRAAG 8 MIS – REZA DE WET**

LEES DIE UITTREKSEL HIERONDER EN BEANTWOORD DIE VRAE:

Meisie: Ja. (*Draai na die KONSTABEL. Skielik vreesbevange*)

Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.

Konstabel: Ek sal nie.

Meisie: Belowe. Belowe eers.

Konstabel: Ek belowe.

Meisie: (*duidelik verlig*) En ek sal nie weer kyk nie. Regtig nie.

Konstabel: Ek gee nie om nie. Ek hou ook van die sirkus.

Meisie: (*opgewonde*) Het u dit al gesien? (*Skielik skaam*) Ek ...  
is jammer

Konstabel: (*lag*) Nee. Maar ek sou wat wou gee. En jy ... Margareta? Het jy?

Meisie: Ja. (*Bang*) Maar ek mag nie daarvan praat nie.

Konstabel: (*sag*) Maar jy het dit gesien?

Meisie: (*sag en vinnig*) ja.

Konstabel: Vertel vir my.

Meisie: Nee! Ek mag nie daarvoor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie.  
Om te dink, is om te doen.

Konstabel: (*byna verleidelik*) Maar jy kan tog vir my sê. Net een keer. Ek is 'n vreemdeling. En blind.

Meisie: (*onseker*) Ek weet nie ...

Konstabel: (*fluister*) Niemand sal ooit weet nie.

Meisie: Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal 'k daarvan ver-  
geet. (*Knyp haar oë styf toe*) Vir altyd en vir ewig. (*Stilte. Begin vertel en leef haar heeltemal in. Sagte vlae wind word gehoor en dit word geleidelik effens harder*) Een jaar was die sirkus hier. Soos nou. Maar dit was 'n warm aand. 'n Vroeë somer,' het my ma gesê. 'Dit bring droogte en pestilensies.' (*Sag*) Dis bedompig in die huis. Ons maak die vensters oop en toe gaan ons slap. Skielik skrik ek wakker. Ek lê in die donker en luister na die musiek. Dis asof die musiek al harder word. Die take skraap teen die dak. Die gordyne waai, op maat van die musiek. Ek gaan staan voor die venster. Ek sien die tent. Die groot tent en die liggies. Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde. Sommer net so. Kaalvoet oor die dorings. Ek loop tussen die hokke deur.

'n Tier grom. Ape raas. Ek staan by die tent. (*Laggie*)

Toe sien ek 'n gaatjie en ek loer daardeur. (*Maak die 'gaatjie' met duim en voorvinger en loer daardeur*) Eers die een oog en toe die ander. (*Stilte.*

*Verwonderd asof sy dit weer sien*) Ek sien 'n man met lang, swart hare en 'n blink mantel. Daar's ook 'n...

- 8.1 Bespreek die konstabel se karakter soos dit in hierdie uittreksel duidelik word. (4)
- 8.2 Bespreek die rol (die doel) van die verhoogaanwysings vanaf die begin van die uittreksel tot net na Meisie se lang spreekbeurt. (4)
- 8.3 Bespreek hoe die name Meisie en Margareta by verskillende aspekte van Meisie se omstandighede en persoonlikheid pas. (5)
- 8.4 Gee 'n voorbeeld van innerlike konflik wat in die uittreksel duidelik is. (2)
- 8.5 Watter tema in die drama word deur Meisie se sirkusverhaal betrek? Bespreek. (5)
- 8.6 As regisseur, skryf notas vir jou klas maats en verduidelik die rol wat Meisie vertolk. (10)
- [30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**AFDELING C TOEPASSING VAN EIE NASLAAN EN REFLEKTEER EN EVALUEER**

AFDELING C is VERPLIGTEND

**VRAAG 9 STEM**



Lees die GEDIG hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Detensie: Chris van Wyk** (vertaling van Engelse gedig)

<i>Hy val van die negende vloer</i>	
<i>Hy hang homself</i>	
<i>Hy gly op 'n stuk seep terwyl hy was.</i>	
<i>Hy hang homself</i>	
<i>Hy gly op 'n stuk seep terwyl hy was</i>	5
<i>Hy val van die negende vloer</i>	
<i>Hy hang homself terwyl hy was</i>	
<i>Hy gly van die negende vloer</i>	
<i>Hy hang van die negende vloer</i>	
<i>Hy gly van die negende vloer terwyl hy was</i>	10
<i>Hy val van 'n stuk seep terwyl hy gly</i>	
<i>Hy hang van die negende vloer</i>	
<i>Hy was van die negende vloer terwyl hy gly</i>	
<i>Hy hang van 'n stuk seep af terwyl hy was</i>	

- 9.1 Beskryf DRIE tegnieke wat sal verhoed dat jy in 'n vaste, ritmiese eentonige patroon verval. (6)
- 9.2 Waar sal jy pouses tussen lyne 5 – 7gebruik? (4)
- 9.3 Skryf TWEE asemhalingsoefeninge neer wat jy sal doen voordat jy die gedig sou aanbied. (4)
- 9.4 Identifiseer die toon van die gedig. (1)

**[15]**

**VRAAG 10            BEWEGING****A****B**

- 10.1 Akteurs moet mekaar vertrou terwyl hul bewegings in toneelstukke en fisieke teater uitvoer.  
Beskryf DRIE oefeninge wat vertroue sal bou voordat jy die bewegings in die foto hierbo sal uitvoer. (6)
- 10.2 Verwys na Foto A. Watter een van die akteurs lei die beweging? (2)
- 10.3 Beskryf die emosies wat voorgestel word in die aksies van die akteurs in Foto A en Foto B. (4)
- 10.4 Gee die definisie van RUIJTE wanneer jy beweging doen saam met jou maat. (3)

**[15]**

Beantwoord EEN van die volgende drie vrae: VRAAG 11 OF VRAAG 12 OF VRAAG 13.

**VRAAG 11 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSE-VRAAG)**

11.1 Michal Shurtleff (Oudisie 1978)

Hy gee advies oor oudisies en neem die volgende elemente in ag:  
(UGO vir VOO Dramatiese Kunste Graad 12 )

Verduidelik die volgende elemente in detail:

- |        |                             |     |
|--------|-----------------------------|-----|
| 11.1.1 | Verwantskap / verhouding    | (2) |
| 11.1.2 | Konflik                     | (2) |
| 11.1.3 | Humor                       | (2) |
| 11.1.4 | Teenoorgesteldes (teenpole) | (2) |
| 11.1.5 | Plek                        | (2) |

11.2 Reflekteer op die proses en die produk van jou September praktiese tema/oudisie-program.

Hou die volgende in gedagte:

- Die proses en verbetering wat aangebring is
- Boodskap vir die gehoor

(5)  
**[15]**

**OF**



**VRAAG 12 MEDIA STUDIES (KEUSE-VRAAG)**

- 12.1 Verduidelik die funksie van die volgende mense op 'n filmstel:
- 12.1.1 Regisseur van fotografie (3)
  - 12.1.2 Die Redigeerder (3)
  - 12.1.3 Regisseur (3)
- 12.2 Skryf 'n resensie van die film wat jy bestudeer het en gee die beskrywing van die film wat jy deur jou reis met dramatiese kunste van Graad 10-12, bestudeer het deur die boodskap wat die film uitbeeld in gedagte te hou. (5)
- 12.3 Verduidelik die woord: *Dolly-shot* (1)
- [15]**

**OF**

**VRAAG 13 KULTURELE OPVOERING EN RITUELE (KEUSE-VRAAG)**

- 13.1 Skryf 'n kort paragraaf en verduidelik jou deelname in enige kulturele opvoering. (5)
- 13.2 Verduidelik die akteur-gehoor verhouding tydens die aanbieding van 'n ritueel. (5)
- 13.3 Teken of beskryf 'n kulturele opvoering van 'n Suid-Afrikaanse kultuurgroep. (5)
- [15]**

**TOTAAL AFDELING C: 45**

**GROOTTOTAAL: 150**